
GELOOF
In Die Woord



FAITH
In The Word

Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

WAT IS PASGA

Daar is baie moontlikhede hoe God Homself aan Moses en die Hebreërs kon beskryf het, toe Hy die Tien Gebooie aan hulle gegee het. **"Ek is die Here jou God wat die Hemel en die Aarde geskape het"** kon Hy gesê het. In teendeel lees ons, God het hierdie woorde gespreek: **Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawe huis, uitgelei het (Ex. 20:1, 2).** Deur God se optrede van verlossing van fisiese slawerny uit Egipteland, het Hy hierdie mense vir Sy eie geroep. **"En Ek sal julle as My volk aanneem en vir julle 'n God wees. En julle sal erken dat Ek die Here julle God is wat julle uitlei onder die harde arbeid van die Egiptenaars uit (Ex. 6:6).**Die uniekheid van hierdie God was Sy direkte, persoonlike betrokkenheid met Sy volk. Hy het in hulle lewens gekom en Homself openlik aan hulle bewys. Daardie waarheid is nog dieselfde. Baie jare later, op presies dieselfde tyd toe hulle die herdenking van hulle fisiese verlossing gevier het, het Hy weer opgetree, hierdie keer het Hy geestelike verlossing aan hulle geskenk. Sy enige bore Seun, Jesus (Yeshua), het ons Verlosser geword. Hy was op 'n altaar, nl. die Kruis, geoffer, om ons los te koop van ons slawerny aan sonde. Om die Pasga en die Kruis te verstaan, moet ons na die verloop van die geskiedenis kyk. Elke gebeurtenis in die siklus was deel van God se plan. Die eind resultaat sou God se ewige plan en doel wees. Hierdie was nie net afsonderlike gebeurtenisse nie, want van die begin het God gesê: "Daar is geen ander manier om My te nadernie, behalwe met 'n Lam." Offers was deur God georden en ingestel vanaf die begin. Adam en Eva het nooit die dood gesien nie. Hulle het nooit geweet dat dit eers bestaan nie. Toe hulle ongehoorsaam teenoor God was, is 'n dier geslag om hulle sonde te bedek. **En die Here God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek (Gen.3:21).** 'n Onskuldige dier was gebruik om hulle sonde te bedek.

'n Nuwe siklus was besig om te gebeur toe God Abraham getoets het. God het hom by sy naam geroep en gesê: **"Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge waar Ek jou sal aanwys" (Gen 22.2).** En Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en Isak, het dit gedra, en die twee van hulle het saam gestap. Isak vra toe sy Vader: "Waar is die lam vir die offer?" En Abraham sê: **"God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun."** Menslik is dit onmoontlik om te begryp wat deur die gedagtes van Abraham geflits het toe hy sy seun op die altaar geplaas het, en sy hand opgehef het, om hom te slag. En op daardie presiese oomblik, het die Here Sy Engel gestuur om die offer te staak en 'n plaasvervanger te voorsien, 'n ram in die bos. Deur Isak het Abraham se nageslag 'n groot nasie geword.

In die volgende siklus, is hierdie Nasie van God in slawerny gedompel. Die Here sê vir Sy dienskneg Moses in Egipte: **En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van die Here vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier (Ex. 12:14). Hy wat Sy volk van hulle sondes sal verlos (Matt.1:21).**

'n Baba is Gebore

Mettertyd, is priesters aangestel, en een van hulle funksies was om die volk van Israel te herinner aan die Pasga lam wat in Egipte geslag was net voor hulle bevryding. Die Pasga Lam het Israel se geloof in God lewendig gehou. En die Here het vir hulle gesê dat die eerste gebore seuns moet aan Hom

ingeseën word. Die eerste gebore van hulle skape en beeste moes hulle aan God offer. Op 'n dag roep God vir Moses: **Toe sê die Here vir Moses: Klim op die berg na My toe en vertoef daar, dat Ek jou die klip-tafels kan gee en die wet en gebooie wat Ek geskryf het om hulle te onderrig. En Moses het binne-in die wolk ingegaan en die berg opgeklim. En Moses was op die berg veertig dae en veertig nagte (Ex. 24:12, 18).**

Toe hy terug gekom het, het sy gesig geblink, want hy het 'n tyd met God vertoef. Die wet van God was deur God aan die mens geopenbaar. Hierdie wet was persoonlik deur die Almagtige God gegraveer. Hierdie Heilige God het Sy wette gestel, instellings wat nagekom moes word voordat Hy Sy Genade aan Sy kinders kon bewys. Sonde moes gestraf word, of die sondaar, of 'n plaasvervanger. Lammers, bokke en ramme was Israel se plaasvervangers. Die Wet was vir ons gegee om ons na die Lam te lei. God aanvaar ons net deur middel van die altaar.

Profete het in die nuwe siklus verskyn. Hulle het die mense aangemoedig en voorgeskryf dat die offer nie net 'n ritueel moet wees nie, nie net 'n ydele herhaling nie. Jeremia het gepreek en gewaarsku dat dit van die hart moet kom! Dit moes 'n uiterlike vertoning van hulle innerlike motiewe wees. Dit was die berou van die mens wat dit waardevol gemaak het. God kyk altyd na die hart. Hy het gesê: **Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? Sê die Here. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie. As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis – om my voorhowe te vertrap? Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste – Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie! Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed. Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol (Jes. 1:11-18).**

Kan jy die Lam in hierdie woorde sien? Geleidelik het die profete verstaan, dat eendag, sou God 'n Lam in die plek van al die lammers stuur.

Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom ……. En Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n Lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie …… Maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het ……. Deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra ……. terwyl Hy tog die sonde van baie gedra het (Jes. 53).

Jesus, Christus die Verlosser en Saligmaker is die Heilige Een van Israel.

Die tyd het aangebreek en God het in 'n nuwe siklus gepraat. 'n Klein baba, 'n Lam was in 'n stal gebore. Hy was die eerste gebore, vlekkelose manskind. Dit was die perfekte plek vir die Lam om te verskyn. Dit wil voorkom asof God Sy doel geopenbaar het - geopenbaar aan diè wie Hom lief gehad het en **wou** weet. Diè wie se oë op die Verwagte Een gevestig was. Hy was saggies in 'n stal gelê – die plek waar diere eet. Daar tussen die ander lammers het die klein Lam Sy eerste geluid gemaak. 'n Engel het met Josef, seun van Dawid, gepraat en gesê: **En sy (Maria) sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat Sy volk van hulle sondes sal verlos (Matt. 1:21).**

Dit was geprofeteer dat die Messias in Bethlehem gebore sou word. **(Miga 5:1).** Dit was 'n bekende feit dat die deur van die stal wyd oop was vir diè wat Hom wou sien. Herders het gekom om Hom te loof en aanbid. "Lam van God." Konings het vergader om Hom te eer en aanbid "Koning van konings". Ons ken Hom by hierdie name. Omdat dit in die wet van die Here geskryf staan: **Elke manlike kind wat die moederskoot open, sal heilig vir die Here genoem word (Luk. 2:23),** daarna **is** Hy na Jerusalem geneem. Terwyl hulle in die Tempel was, het 'n man by die naam van Simeon in die Gees van die Here gekom en die Kind in sy arms geneem, en God geloof, en gesê: **Nou laat u Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord, omdat my oë u heil gesien het, wat U berei het voor die oë van al die volke – 'n lig tot**

verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk Israel (Luk. 2:25-32).

Die Lam het ouer geword. Sy aardse bediening was deur 'n uitspraak van die profeet Johannes bevestig. **Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! (Joh. 1:29)** Die enkel woord, 'sonde' van die wêreld, simboliseer **geheel en al**, ieder as **baie** "sondes". Johannes het die verwydering van die skeidsmuur beskryf, wat tussen die Heilige God en die mens bestaan. Dit sou wees die oorwinning van die stryd wat eers in die Tuin van Eden begin het. Toe Hy gebid het, het die Hemel oop gerol, en die Heilige Gees het soos 'n duif op Hom gedaal om Hom te salf. **Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het**, het 'n Stem gesê. Israelitiese konings was altyd gesalf wanneer hulle as koning bevestig was. Dit was die stempel van God se inseën van manne tot Sy diens. Sy bediening sou 'n bediening van genade as Verlosser Lam wees, sowel as 'n bediening van oordeel as toekomstige Koning. Die profete het hierdie Een, wat gekom het beskryf. Verootmoediging, versoekings en pyniging, sou Sy Oorwinning voorafgegaan het. Hy sou gemartel word, Hy sou uitgestort wees soos water, al Sy beendere sou los wees, Sy hart sou soos was word **(Ps. 22)** en Hy sou van dors gesterf het. Hulle het ook van Sy toekomstige Koninkryk gepraat en die feit dat Hy eendag Sy regmatige plek op die Hemelse Troon sou inneem.

Na drie en 'n half jaar van Sy bediening het die groep mense wat Hom gevolg het, saam met Hom na Jerusalem gegaan. **En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween (Luk. 19:41).** Dit was die Stad van die Groot Koning genoem **(Ps. 48:2)**. Toe die Lam die Stad op 'n esel ingegaan het, was Hy deur baie mense as Koning verwelkom en geëer. Jesus se triomferende ingang in Jerusalem was die bevestiging van Messias as Koning van Israel. Sagaria het geprofeteer: **Verheug jou grootliks, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel – op 'n jong esel, die vul van 'n eselin (Sag. 9:9).**

Die skare mense was opgewonderd met Sy koms en het luid en juigend uitgeroep "Uiteindelik", "Die Een wat sou Kom", "diè Koning is hier om ons te verlos!" Die volk was onbewus van die herders van Bethlehem, wat besig was om hulle slagskape na Jerusalem te lei. Dit was die 10de dag van Nisan (Joodse Almanak) en hulle was besig om **Ex. 12:3 en 5** gehoorsaam te wees. **.... Op die 10de van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin .... Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaar oud rammetjie....**

Terwyl die Lam die "Huis van Israel" in gekom het, was die Pasga lammers besig om die stat in gelei te word, in voorbereiding om slag offers vir Pasga te wees. Almal het geweet dat die enigste weg tot verlossing en vergifnis was deur om 'n lam te slag, en die profeet in **Jes. 48:17** noem Hom die Here, ……jou Verlosser, die Heilige van Israel. Maar op daardie oomblik het almal daarvan vergeet.

Die gordyn van die Tempel het in verwagting gebewe. Die sondelose, vlekkelose Een waarin al die volheid van die Godheid liggaamlik woon **(Kol. 2:9)**, was besig om die slang te konfronteer en om sy werke te vernietig **(Gen. 3:15, 1 Joh. 3:8, Kol. 2:15)**. Die bloed was 'n simbool van **hierdie finale eens vir altyd slagoffer** wat die hele mensdom van die vloek van sonde en die dood, sou verlos **(Heb. 10:1-24).**

Totaal weerloos, soos 'n lam na die slagpaal, het Hy Homself geoffer, Sy siel en liggaam, as 'n losprys, 'n slagoffer vir sonde en sondaars. Die Pasga Slagoffer het die Offer van die Nuwe Verbond geword, die Nuwe Verbond wat vir almal beskikbaar is **(Luk. 22:20).**

Die Lam het gesterf terwyl Hy 'n doring kroon gedra het **(John 9:2)**. Hulle het 'n "opskrif" bo Sy kop op die altaar van die kruis geplaas, **"Jesus, die Nasarener, die Koning van die Jode." (Joh.19:19-20).** Dit was in diue taal van alle mense geskryf.

Die Hemele het opgerol en duisternis het oor die aarde gekom. 'n Vreemdheid wat alle verstand te bowe gaan, het bestaan. Nooit van tevore het so iets ooit gebeur nie.

Op die eerste "Dag van die Here" – die dag van die nuwe siklas, het 'n Groter Lig begin skyn.

"Ja, Ek sal hom 'n eersgebortene maak die hoogste onder die konings van die aarde(Ps 89:28).

Want Hy is **"die eersgeborene uit die dode" (Open. 1:5; Kol. 1:18).**

Want nou het die Lam opgestaan

"Hy het die eersteling geword van dié wat ontslaap het" (1 Kor.15:20).

God se regte en perfekte tyd het aangebreek. Hemel en aarde was daarvoor voorberei. Geskiedenis vertel ons dat die Tempel in 70 A.D vernietig was en is nooit weer gebou nie. Die priesterskap is beëindig – die slagoffers kan nie meer geoffer word nie. Die Lam, op die altaar geslag, is as onskuldig, nederig en vlekkeloos beskryf, en dit is die embleem wat die Messias mees

gepas het. Daar is baie tipe slagoffers wat in die Ou Testament beskryf word. Meeste van hulle het in elk geval aan God behoort en was aan Hom verskuldig. Hierdie een was vrywillig. Dit was nie afkomstig van die mens wat slag en offers gee nie – maar van God wat vrywillig van Sy Eie gegee het. **"Daarom het die Vader my lief, omdat ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af" (Joh. 10:17-18).**

God het die Lam as 'n slagoffer op die altaar van die Kruis gegee. Daardie houtbalke het die deur poste van die "Wêreld se Huis" geword. God belowe dat Hy ons met Sy oordeel van die dood "verby sal gaan", terwyl ons kies om onder die beskerming daarvan te staan.

"Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin HY verraai is, brood geneem het, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot My gedagtenis. Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die Nuwe Testament in My bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink tot My gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom." (1 Kor. 11:23-26).

Dit is wat ons in herinnering bring wanneer ons die Pasga onthou en vier **(Ex.12:13).**

THE FATHER AND SON RELATIONSHIP IN PROVERBS

It appears that many have no problem believing in the Father and the Holy Spirit, but have difficulty believing in the Deity of the Son, Jesus Christ, the 2nd Person of the Trinity. It seems, in some cases, to be an insurmountable problem, a snare and a stumbling block or stone. This is the way in which **Isaiah 8:13-15** declares that Christ will be a stumbling stone, and a rock of offence to Israel, and probably to millions of non-Jews as well. **Sanctify the LORD of hosts himself; and *let* him *be* your fear, and *let* him *be* your dread. And he shall be for a sanctuary; but for a stone of stumbling and for a rock of offense to both the houses of Israel, for a gin and for a snare to the inhabitants of Jerusalem. And many among them shall stumble, and fall, and be broken, and be snared, and be taken (Is.8:13-15).**

However we have discovered a key word in the New Testament that we trust will unlock the necessary faith in many hearts, through a wonderful revelation of the Eternal relationship between the 1st and 2nd Persons of the Godhead. This "key word" is found in 1 Cor. 1:24, in which the Deity of Christ is declared.

But unto them which are called, both Jews and Greeks, Christ the power of God, and the wisdom of God (1 Cor. 1:24).

Because Christ is called the "Wisdom" of God in this instance, this word "wisdom" should also be able to unlock other verses, where the same word is used in the Old Testament. Just one warning; we need to discern between "worldly wisdom" and "spiritual wisdom". The word "wisdom" is used in the spiritual sense in **Prov. 8:12-36.**

Let us unlock this section of scripture by using the Name of Jesus Christ in the place of the word "wisdom". A very interesting revelation unfolds which will fill our lives forever with faith in the Triune Godhead:

Prov. 8:12-36:

I, Wisdom (Christ) **adwell with prudence, and find out knowledge of witty inventions. The fear of the LORD *is* to hate evil: pride, and arrogance, and the evil way, and the forward mouth, do I hate** (Christ)**. Counsel *is* Mine, and sound wisdom: I** (Christ) ***am*** **understanding; I have strength. By Me** (Christ) **kings reign, and princes decree justice.**

By Me (Christ) **princes rule, and nobles, *even* all the judges of the earth. I** (Christ) **love them that love Me; and those that seek Me** (Christ) **early shall find Me. Riches and honor *are* with Me** (Christ)**; *yea*, durable riches and righteousness.**

My fruit *is* better than gold, yea, than fine gold; and My revenue than choice silver. I (Christ) **lead in the way of righteousness, in the midst of the paths of judgment: That I may cause those that love Me** (Christ) **to inherit substance; and I** (Christ) **will fill their treasures.**

The LORD (God) **possessed Me** (Christ) **in the beginning of His way, before His works of old. I** (Christ) **was set up from everlasting, from the beginning, or ever the earth was. When *there were* no depths, I** (Christ)

was brought forth; when *there were* no fountains abounding with water.

Before the mountains were settled, before the hills was I (Christ) **brought forth: While as yet He** (God) **had not made the earth, nor the fields, nor the highest part of the dust of the world.**

When He (God) **prepared the heavens, I** (Christ) ***was*** **there: when He** (God) **set a compass upon the face of the depth: When He** (God) **established the clouds above: when He** (God) **strengthened the fountains of the deep: When He** (God) **gave to the sea His decree, that the waters should not pass His commandment: when He** (God) **appointed the foundations of the earth: Then I** (Christ) **was BY HIM** (God)**, *as* one brought up *with Him*: and I** (Christ) **was daily *His* delight, rejoicing always before Him; Rejoicing in the habitable part of His earth; and My delights *were* with the sons of men.**

Now therefore hearken unto Me (Christ)**, O ye children: for blessed *are they that* keep My ways. Hear instruction, and be wise, and refuse it not. Blessed *is* the man that heareth Me** (Christ)**, watching daily at My gates, waiting at the posts of My doors.**

For whoso findeth Me (Christ) **findeth life, and shall obtain favor of the LORD. But he that sinneth against Me** (Christ) **wrongeth his own soul: all they that hate Me** (Christ) **love death.**

God calls His Son Lord in the Old Testament

The following two wonderful portions of scripture that appear in the Old Testament, confirm once again the existence of Jesus Christ, God's Son, His Deity and Himself as the 2nd Person of the Trinity.

Proverbs 30:4: Who hath ascended up into heaven, or descended? who hath gathered the wind in His fists? who hath bound the waters in a garment? who hath established all the ends of the earth? what *is* His name, and what *is* His Son's name, if if thou canst tell?

Psalm 110:1: The LORD said unto my Lord, Sit thou at my right hand, until I make thine enemies thy footstool.

We read Jesus, explanation of this Psalm in **Math. 22:41:44**: **While the Pharisees were gathered together, Jesus asked them, Saying, What think ye of Christ? whose son is he? They say unto him, *The son* of David.**

He saith unto them, How then doth David in spirit call him Lord, saying, The LORD said unto my Lord, Sit thou on my right hand, till I make thine enemies thy footstool?

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God en glo ook in My. In die huis van My Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is (Joh. 14: 1 – 3).

Jesus se Joodse luisteraars het die kulturele agtergrond gehad om presies te verstaan wat Jesus bedoel het. 'n Toekomstige bruid moes altyd gereed wees vir die onverwagte aankoms van die bruidegom aan wie sy verloof was. Hy sou 'n kontrak met haar aangegaan het en vertrek het om 'n spesiale kamer in die huis van sy Vader vir haar voor te berei. As dit gereed was, het hy sy vader gevra om dit te ondersoek en wanneer sy vader sy toestemming gegee het, het hy sy bruid gaan haal.

("Maar van die dag en die uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen Matt 24:36).)

Hy en sy metgeselle sou met groot geskreeu opdaag. Hy sou haar letterlik wegraap na die pragtige plek wat hy voorberei het.

Ek is seker jy kan die parallel sien wat die Here geïmpliseer het. Hy het sy dissipels destyds en deur die eeue belowe dat Hy na sy hemelse huis toe sal gaan om 'n plek voor te berei vir diegene wat getrou wag dat hul geliefde Here vir hulle sal terugkeer.

Dit is sy kontraktuele woord aan ons. **Maar, soos geskrywe is: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet (1 Kor.2:9).**

Al wat Jesus van ons vereis, is om getrou aan Hom te bly terwyl ons op sy terugkeer wag. Die wonderlikste dag is voor ons, dus laat ons nie hierdie onverdiende dog genadige belofte uit die oog verloor nie! Amen

GENESING IS DIE KINDERS SE BROOD

Ons lees in God se Woord dat Jesus die siekes genees het omdat Hy medelye met hulle gehad het **(Matt.14:14)**, en Hy genees vandag steeds om dieselfde rede, omdat Hy gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is **(Heb. 13:8)**. Mense verander, dinge verander, omstandighede verander, maar die ewige God verander nie. Sy krag het nog nooit verminder nie. As God die siekes gister genees het, kan en sal Hy dit vandag doen, en so lank as wat daar enige siekes is wat die eenvoudige voorwaardes van geloof nakom sal Hy dit doen.

Dit neem twee om 'n verbond te maak. Die mens kan dit verbreek, maar God nooit. God het die volk van Jesaja se tyd tereggewys, omdat hulle God se voorskrif verander het en die ewigdurende verbond verbreek het. Om hierdie rede het 'n vloek op hulle gekom. Ons lees dit in **Jes. 24:5-6: Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor.**

Later in Maleagi se dae toe God van die vloek gespreek het wat oor die volk gekom het, omdat hulle hul tiendes en offergawes terug gehou het, het Hy verklaar dat dit **hulle** was wat verander het en nie Hy nie. **"Want Ek, die HERE, het nie verander nie"** (**Mal. 3:6**). Jesus het gesê, **"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie"** (**Luk. 21:33**).

"Kan ongeloof die belofte wegneem?" Paulus vra die vraag, **"Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig?"** (**Rom. 3:3**). Die antwoord wat hy gegee het was: **"Nee, stellig nie! Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig" (V. 4).**

Dit is waar dat die mens deur sy tradisie die Woord van God oneffektief kan maak **(Matt 15:6)**, maar slegs vir die mens alleen. Hy kan nie God se Woord of God se beloftes verander nie; hulle is steeds van krag vir die wat glo. Ons kan deur ongehoorsaamheid en ongeloof ons van die seën afsny, maar ons kan nie God se belofte verander nie. Die Jode kon nie glo dat die blinde man genees was nie. Dit het egter nie die feit verander dat hy sy sig ontvang **het** nie **(Joh. 9:1-25)**.

Die Sadduseërs het nie in die bonatuurlike of in wonderwerke of in die opstanding geglo nie, maar dit het nie gekeer dat Jesus uit die dood opgestaan het nie.

Daar is die wat glo dat wonderwerke in die verlede plaasgevind het, maar nie vandag meer plaasvind nie. Nogtans het Gideon nie geglo dat God, wat wonderwerke in die verlede gedoen het, steeds by magte was om dieselfde in die teenwoordige tyd te doen nie. Toe die engel gesê het, **"Die HERE is met jou, dapper held!" Het Gideon geprotesteer en gesê: "Ag, my heer, as die HERE met ons is, waarom het al hierdie dinge ons dan oorgekom? En waar is al sy wonders waar ons vaders ons van vertel het, deur te sê: Het die HERE ons nie uit Egipte laat optrek nie? Maar nou het die HERE ons verwerp en ons oorgegee in die hand van die Midianiete " (Rigters 6:13).**

Gideon was NIE tevrede met God se wonderwerke van gister nie. Hy wou weet waarom daar geen wonderwerke vir sy dag was nie. Die Fariseërs het in God se krag van "lank gelede" geglo, maar het geweier om die wonderwerke van hul dag te aanvaar. Dit is vandag presies dieselfde, daar is die wat glo in die wonderwerke van die tyd van die apostels, maar glo nie dat God vandag steeds wonderwerke doen nie. Glo my; ek het persoonlik verstommende wonderwerke gesien oor die baie jare wat ek vir siekes en die wat in nood was, gebid het! Onthou dat God nie die GROOT EK WAS is nie; Hy is "DIE GROOT EK IS". Sy Woord verander nooit. Hy is dieselfde vandag.

Jesus genees omdat die karakter van God volkome gekant is teen siekte. **"En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. Toe sien God dat die lig goed was" (Gen. 1:3-4).**

Diegene wat beweer dat God siekte op mense plaas ken nie die natuur en karakter van God nie. God het lig geskep en gesien dat dit goed was. Hy het ander dinge geskape-hulle was altyd goed! Dit is ondenkbaar dat God 'n lewensbedreigde kanker sou skep. Algemene kennis moet ons mos sê dat dit die werk van die mensdom se vyand is, van een wat boos is. Kanker is skadelik. Dit is gemaak van lewende selle wat daarop uit is om die liggaam waarin hul leef te vernietig.

Kan siekte van God wees? Die Bybel klaar hierdie vraag duidelik op deur te verklaar dat dit van Satan kom. Ons lees dit in Job. **En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE, en hy het Job met bose swere getref, van sy voetsool tot sy skedel (Job.2:7).** En ons lees dieselfde waarheid in **Hand. 10:38: Met betrekking tot Jesus van**

Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.

Oordink vir 'n oomblik 'n paar van die ongeneeslike siektes wat die menslike liggaam aanval. Dink aan daardie arme mense wat aan veelvuldige skoliose ly. Wanneer ons hulle deerniswekkende pogings aanskou om te praat of om hul spiere te beweeg, wat deur die siekte aangetas is, weet ons sonder twyfel dat 'n liefdevolle God nie hiervoor verantwoordelik kan wees nie. Dink aan die gesin wat dag na dag en jaar na jaar lewe om die ongeskikte gesinslid te versorg. Wanneer ons die lyding van 'n epileptieselyer sien wanneer hy onbeskermd op die grond neerval, of die vergane liggaam van een op die laaste stadiums van HIV-vigs. Die lys is eindeloos. Is God verantwoordelik vir hierdie bose siektes? God verhoed! Siekte het die kenmerk van Satan, die bewerker van boosheid. Jesus Christus is die Geneser; Satan is die Vernietiger. **Die dief (Satan) kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek (Jesus) het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê (Joh.10;10).**

Jesus genees omdat dit Sy natuur is om te genees, te herstel, om die mens te bevry van die gebondenheid van lyding en siekte. **Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees (Luk.4:18). God se natuur is om die bose werke van Satan te vernietig. Dit is waarom Hy vandag steeds genees. ….Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek (1Joh.3:8). Soos ons aan die begin gesê het, genees Jesus as gevolg van Sy medelye.** Die basiese rede waarom Jesus die siekes genees is Sy medelye. In verband met een van die eerste genesings van Jesus, word genoem dat toe Jesus na die lydende een gekyk het, Hy met medelye gevul was. Die melaatse het na Jesus Christus gekom en voor Hom neergekniel en Hom gesmeek om hom heel te maak. **En Jesus het vir hom innig jammer gevoel en die hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: "Ek wil, word gereinig" (Mark. 1:41).** Dit was die eerste menslike aanraking wat die melaatse vir 'n lang tyd gevoel het. Dit was 'n voorbeeld van die genade van Jesus en van Sy medelye vir hulle wat deur die vyand onderdruk was.

Toe die menigte met hul siekes na Jesus gekom het, het Hy **"innig jammer vir hulle gevoel, en Hy het hulle siekes gesond gemaak" (Matt. 14:14).** Weereens het twee blinde mans langs die pad gesit en toe hulle hoor dat Jesus verby gaan, het hulle uitgeroep en gesê, **"Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid!" Nadat hulle hul versoek gerig het, het Jesus innig jammer vir hulle gevoel en hulle oë aangeraak, en dadelik het hulle oë gesien, en hulle het Hom gevolg (Matt. 20:34).**

Toe Jesus die menigtes met so baie siekes sien dat dit vir Hom onmoontlik was om almal te bereik, het Hy medelye met hulle gehad en die twaalf dissipels opdrag gegee om uit te gaan en ook die siekes te genees **(Matt. 9:35; 10:1).**

Die hele verlossingsplan was geïnspireer, nie omdat ons, as lydende mensdom, enige reg daartoe gehad het of dit verdien het nie, maar omdat God in Sy genade en medelye vir die wêreld, en daardeur medelye en genade gehad het om vir elkeen wat Hom sal gehoorsaam, verlossing en genesing te laat ontvang .

Nog 'n rede waarom Christus genees, is omdat genesing die kinders se brood is. Jesus, wat met die heidense vrou, wat na Hom gekom het vir verlossing vir haar dogter, gepraat het en gesê het, **"Laat eers die kinders versadig word; want dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en vir die hondjies te gooi nie" (Mark. 7:27).** Hy het natuurlik probeer om die vrou op die plek te kry om te glo vir genesing. Die punt is dat wanneer iemand 'n kind van God word, hy dan die reg het om 'n deelnemer aan die kinders se brood te wees, en ons sien uit hierdie insident, dat dit genesing vir die liggaam insluit.

Dit mag vir 'n vader nodig wees om sy kind te dissiplineer, maar hy sal hom nie honger bed toe stuur nie. Dus, die kind van God mag sondig en deur God getugtig word en straf kan oor hom kom, maar wanneer daardie persoon sy wil aan die Here oorgee, sal Hy verseker nie die brood van genesing van Sy kind terughou nie. Goddelike genesing is nie 'n luuksheid wat deur die paar begunstigdes geniet kan word nie, maar vir die kind van God, deur sy posisie, verlos deur die Bloed van die Gekruisigde Christus, 'n reg het tot dit wat ten volle gekoop is en wat, verseker vrylik gegee sal word.

'n Diepsinnige onderwyser van God se Woord het geskryf, direk na God Israel eerste uit Egipte verlos het en Israel Sy verloste en verbondvolk geword het, was die eerste spesifieke openbaring van Homself wat Hy aan hulle gegee het die van geneser. Hierdie eienskap word in **Ex.15:26** genoem, waar die Here aan Israel sê, **"Want Ek is die HERE wat jou gesond maak."**

Hy het verduidelik dat die frase "jou geneser", in modern Hebreeus "jou dokter" beteken. Die woord wat in Eksodus 15:26 gebruik is, is presies dieselfde woord as die modern Hebreeuse woord vir dokter. Die betekenis het nie sy betekenis in meer as drie duisend jaar verander nie. Hy het in werklikheid vir Israel gesê, "Ek is julle dokter ".

Twee dinge wat nie verander, is die Here se naam en die Here se verbond. Die Here se posisie en funksie as die geneser van Sy volk is met Sy naam verenig en met Sy ewigdurende verbond. Met ander woorde, dit verander nooit.

Hy het bygevoeg dat, baie eeue later, toe Jesus na Israel gekom het as hul Redder en Verlosser, waardeur Hy die beloftes van die Messias vervul het, het Hy weer God gemanifesteer as die geneser van Sy volk. Die genesingsbediening het nie van Homself uitgegaan nie – dit is nie deur Hom ingestel nie – maar dit was die uitdrukking van God se genesings natuur en God se genesings verbond met Sy volk. Die grondslag van God se voorsiening vir genesing en gesondheid vir Sy volk is Sy Woord, die Skrifte.

Hy beklemtoon hoe belangrik dit is om te sien dat God se antwoord op ons behoefte hoofsaaklik in Sy Woord is, en as ons Sy Woord ignoreer, het ons nie werklik enige reg om te verwag dat Hy in ons behoeftes sal voorsien nie. Maar as ons na Sy Woord gaan en Hom deur dit soek, sal ons vind dat in Sy Woord, Hy in al ons behoeftes voorsien – geestelik en fisies. Moet nooit vergeet dat God oor Sy Woord waak om dit uit te voer nie, en dat Hy 'n beloner is van die wat in Hom glo en Hom ywerig soek. **En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom (ywerig) soek (Heb.11:6).**



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,

Ja, Jesus het gekom om die "werke van Sy Vader" te doen en het die groot taak volbring wat voorbeskik was vir Hom om te doen! Ons dank God dat Jesus gewillig was om Sy Vader se wil te doen, want deur Sy sending te vervul, is ons by magte om kinders van ons Hemelse Vader te word deur versoening, deur die gestorte Bloed van Jesus! Ons kan nie eers daaraan dink wat met ons sou gebeur het as Jesus nie God se plan en doel vir Hom vervul het nie. Daarom, elkeen van ons wat geroep is in die familie van God het 'n spesiale en individuele doel en opdrag wat aan ons toevertrou is hier op aarde deur ons Hemelse Vader, sodat Sy doelstellings deur ons uitgevoer kan word. Julle mag dink "wel ek is nie Jesus nie" en dit is waar, maar aan elkeen van ons is die Woord of bediening van versoening gegee, die Bybel sê dit vir ons in **2 Kor. 5:19.** Het jy al aan die feit gedink dat God jou op 'n baie strategiese en belangrike plek geplaas het om die verlorenes te bereik met wie jy elke dag in kontak kom? Miskien is jy die enigste een, wat die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus ken, en by magte is om daardie "een" verlore siel na 'n ewige lewe in die Hemel te lei. Ons is God se voete en mond, Sy Liggaam hier op aarde, en ons doel is belangrik vir Hom, omdat Hy elkeen in die wêreld liefhet en begeer dat elkeen gered moet word en tot kennis van Sy Seun Jesus Christus moet kom.

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh 3:16). Soms het ons die verkeerde idee dat dit iets is wat net vir die pastoor of predikant bedoel is om te doen, maar die waarheid is dat elkeen van ons verantwoordelik is om te "gaan" en die Goeie Nuus van Jesus te "vertel" **(Mark. 16:15-18).** Laat ons weereens die ontsagwekkende verantwoordelikheid oordink van die roeping en opdrag van elkeen van ons aangaande die wen van 'n siel of siele vir die Koninkryk van God. Elkeen van ons sal eendag voor die Here staan en 'n verslag lewer van wat ons gedoen het met dit wat ons gehad en geweet het. My doel is glad nie om jou onder veroordeling te plaas nie, maar om jou opnuut aan te spoor. Die engele in die hemel jubel en juig wanneer ek of jy een siel tot redding bring.

Al wat nodig is, is 'n gewilligheid en God sal aan jou die vrymoedigheid gee en die woorde om te spreek. Vra Hom vir 'n geleentheid om vandag met iemand te praat en elke dag soos Hy jou lei na diè wie Hy voorberei en bedoel het vir jou om na uit te reik. Dit sal 'n lewenswyse vir jou word. Onthou, jy hoef net teenoor andere te getuig oor wat Jesus in jou lewe gedoen het en laat die resultate aan die Heilige Gees oor om die werk van oortuiging in hulle harte te doen. Jy kan hulle nie red nie, God doen dit, maar jy kan die instrument wees waarmee God dit doen, en jy kan sekerlik die Goeie Nuus aan die rondom jou vertel, jou buurman, familie en vriende. Ons is in die wêreld om Sy wil te doen en Sy wil is om die 'een' verlore skaap te soek en te vind. Sal jy help om hom te vind en in die skaapkraal te bring? Jou beloning deur dit te doen is baie duidelik in God se Woord opgeteken.

Julle is altyd in ons gebede, en ons is dankbaar teenoor ons Here vir elkeen van julle. Weereens baie, baie dankie vir julle ondersteuning op elke gebied, wat ons in staat stel om aan te gaan om die werk van die Vader te doen.

Baie liefde groete

Meg en die Gebedspan